27 Februarie 2022

FAMILIE TUISBLAD

2 Korintiers 3:12-4:2

Om soos Jesus te wees

Het jy al ooit in die spieël gekyk en regtig groot geskrik? Dalk was jou hare deurmekaar nadat jy baie diep geslaap het? Dalk het jy vir 'n toneelstuk grimering aan en herken jy jouself nie? Dalk het jy moeg en bloedrooi gelyk na 'n sportdag?

Deel met mekaar jou storie.

Toe ons kinders was, het ons mekaar gereeld geterg deur mekaar se woorde en dade na te aap. Dis vreeslik irriterend as iemand dit met jou doen! Maar gelukkig hou dit gewoonlik nie lank aan nie, want dis nogal uitputtend om die hele tyd 'n spieëlbeeld van iemand anders te wees.

Die Bybelteks van vandag sê dat ons Jesus se spieël moet wees (Hom weerspieël of uitbeeld). Dit beteken dat as jy in die spieël kyk, jy Jesus moet herken. Sal jy skrik of sal dit vir jou lekker wees om iets van Jesus in jouself raak te sien? Gelukkig maak dit ons nie moeg om soos Jesus te leef of te praat nie, want God belowe dat sy Gees ons daarmee help.

Lees: 2 Kor 3:12-4:2 Om Soos Jesus te wees
Lees ook 2 Kor 2: 14-15; 2 Kor 3: 1-3; 2 Kor 4:5-7

Gesels:

- Daar word 'n paar beelde of metafore gebruik in hierdie tekste, om te vertel hoe ons soos Jesus kan wees of sy liefde aan ander kan wys. Kyk of julle saam 5 kan vind?
- Op watter maniere kan 'n mens Jesus weerspieël in jou lewe?
- Kan jy aan 'n voorbeeld dink in jou eie lewe waar jy dit reggekry het?
- Wat maak dit vir jou moeilik?

Bid: Soek een sin uit die tekste wat julle saam (of apart) kan bid.

Doen: Kry 'n spieël, 'n balletjie klei / wondergom of kleipot, 'n koevert, 'n botteltjie parfuum en 'n flits of 'n lampie bymekaar om julle hierdie week te herinner aan al die beelde in hierdie tekste.

Luister ook hierdie week saam na die DinkJeug Familie App se oordenkings (podcasts).

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die verskillende beelde wat ons herinner om Jesus se liefde uit te beeld** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za